

18 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13

Fokusgedeelte: Handeling 2:1-3 (1933/53- en 1983-vertaling)

Die eerste vertaaldiens

Met Paasfees het Jesus saaiwerk gedoen – Hy het Homself gegee. Met Pinkster begin Christus met die oes van sy kerk. Pinkster was immers oesfees (Eks. 23:16).

Die Heilige Gees neem die leiding in hierdie oeswerk (vgl. Hand. 8:29, 10:19, 11:12, 11:28, 13:2). Hy werk met goddelike mag deur gelowiges. (vgl. Hand. 1:8, 4:31, 13:9). Op Pinkster kom die Gees skielik (verrassend) met 'n dreunende rukwind (vgl. Eseg. 37:9-14, Joh. 3:8).

Sy werk is dikwels stil soos die wind, maar die resultate is dramaties. Hy werk kragtig, onkeerbaar. Hy kom met die sigbare teken van vuur – die teken van goddelike mag. Hierdie vuur verdeel in “tonge” wat op elkeen van die dissipels gaan sit – elkeen ontvang sy blywende porsie van die Gees se leiding en kragtige werking. En wat gebeur? Elke dissipel word deur die Gees bemaatig om in 'n ander taal van die wêreld te praat oor die magtige dade van God. Hier vind ons die eerste “vertaaldiens”. Die Gees wil die evangelie aan almal verstaanbaar en toeganklik bekendmaak. Die evangelie moet immers van Jerusalem na Judea en Samaria versprei, en uiteindelik na die uithoeke van die wêreld (Hand. 1:8).

Dank die Here vir vertalers wat die Bybel vir die volke in die een na die ander taal vertaal. Maar het jy mooi opgelet – elkeen ontvang 'n porsie van die Gees om onder sy leiding en met sy goddelike krag die evangelie na buite te versprei – ook jy. Daar is soveel verlore mense onder die nasies. Dink mooi: Wat kan jou aandeel wees om die evangelie verder te neem na sonde-verlore mense onder die nasies? Deur jou aandeel deel jy in die heerlike feesvreugde van Christus se oesfees, totdat mense uit elke volk en taal jubelend om Christus se troon sal staan (Op. 7:9-10).

Sing: Psalm 145:1, 3, 9 (2001)

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)